

25 DESEMBER - KERSFEES

## DIE GEBOORTEFEES VAN ONSE HERE JESUS CHRISTUS



“In daardie tyd het keiser Augustus ’n dekreet uitgevaardig dat die bevolking van die hele ryk geregistreer moet word. Dit was die eerste volkstelling wat gehou is toe Sirenius prokurator van Sirië was. Almal het gegaan om hulle te laat registreer, elkeen na sy eie dorp. Josef het ook gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Juda gegaan, na die stad van Dawid, wat Bethlehem genoem word, omdat hy van die huis en nageslag van Dawid afkomstig was. Hy het saam met sy verloofde, Maria, wat swanger was, gegaan, om hom te laat registreer. Terwyl hulle daar was, het die tyd aangebreek dat haar kind gebore moes word, en sy het geboorte geskenk aan haar eerste kind, ’n seun. Sy het Hom in doeke toegedraai en in ’n krip neergelê, omdat daar nie vir hulle plek in die herberg was nie.” (Lukas 2: 1-7)